# HOOFSTUK 2

# LITERATUUROORSIG

## 2.1 Inleiding

Wanneer daar na die literatuur gekyk word, blyk dit dat daar verskille en soms ook teenstrydighede voorkom by die defi= niëring van suksesvolle, onsuksesvolle studente en uitsakkers. Alvorens daar dus gelet word op die verskille en tendense met betrekking tot suksesvolle en onsuksesvolle studente, is dit dus belangrik dat hierdie begrippe gedefinieer en omskryf moet word.

## 2.2 Definisies en omskrywings

### 2.2.1 Suksesvolle en onsuksesvolle studente

Uit die literatuur is dit duidelik dat dit moeilik is om dié begrippe te omskryf, aangesien sukses by verskillende univer= siteite vanuit verskillende perspektiewe geëvalueer word. Benewens die feit dat verskillende universiteite se kriteria verskil, is verskillende navorsers ook geneig om hul eie kri= teria daar te stel. Die feit dat die kriteria van universi= teite en navorsers verskil, bemoeilik gevolglik veralgemening.

Hierdie probleem is reeds in 1978 deur die Komitee van Univer= siteitshoofde geïdentifiseer. Dit is ook duidelik dat indien die slaagpersentasie van universiteite dan radikaal verskil, hierdie verskil nie toegeskryf kan word aan 'n verskil in akade= miese standaard nie, maar eerder aan die feit dat hul kriteria van sukses verskil :

"The difficulty is that different criteria are laid down by different universities for promotion to the second year..." (Komitee van Universiteitshoofde, 1978:4)

Ten einde egter sinvolle afleidings te kan maak ten opsigte van 'n bepaalde universiteit se slaagpersentasie, is dit van kardinale belang dat die slaagkriterium in daardie spesifieke universiteit jaarliks dieselfde moet bly.

Die Komitee van Universiteitshoofde toon egter ook die belang van 'n uniforme kriterium aan. Die versoek word dan reeds in Julie 1977 gerig :

> " to prepare a policy document ... whereby provision is made that all information regarding failures at the universities should be chanelled through the Secretariat" (1978:44).

Dit wil voorkom of daar by universiteite van die Republiek van Suid-Afrika primêr twee standpunte met betrekking tot sukses gehuldig word :
Daar word eerstens by sommige universiteite van 'n kredietpunt=stelsel gebruik gemaak waardeur 'n student oor 'n bepaalde aan=tal kredietpunte moet beskik ten einde te kan slaag en tweedens moet ander studente weer 'n bepaalde aantal kursuseenhede of vakke slaag ten einde gepromoveer te kan word.

Betreffende hiérdie navorsing, word die standpunt gehuldig dat die suksesvolle student, die persoon is wat al sy vakke/modules slaag en gevolglik bevorder kan word tot die volgende studiejaar.

Bogenoemde standpunt kan egter ook bepaalde komplikasies inhou, deurdat sukses dan op 'n alles-of-niksbeginsel gefun= deer is en dat daar nie voorsiening gemaak is vir die feit dat sukses relatief kan wees nie. Die motivering vir die gebruik van bogenoemde kriteria vir sukses is daarin geleë dat indien die navorser minder streng kriteria gebruik, makliker verval kan word in onwetenskaplike eensydigheid en sodra aanvullings, eksamenpunte en herhaling van vakke in berekening gebring moet word, inkonsekwente optrede makliker kan voorkom.

Opsommend kan dus gesê word dat vir dié bepaalde ondersoek

- 'n suksesvolle student dié persoon is wat al sy vakke/ modules op eerstejaarsvlak slaag;
- 'n onsuksesvolle student dié individu is wat vakke/modules druip of aanvullingseksamens moet skryf, of vakke op eerstejaarsvlak moet herhaal.

In hierdie ondersoek word die suksesvolle student egter teen= oor die uitsakker gestel. Om hierdie rede word daar dan ook in meer besonderhede na die uitsakker gekyk, soos blyk uit paragraaf 2.2.2.

## 2.2.2 Die uitsakker

Die student wat sy studies staak, of uitsak, kan volgens die literatuur in twee groepe verdeel word : dié groep wat hul studies staak sonder enige moontlikheid dat hulle dit sal hervat, en tweedens diégene wat slegs tydelik hul studies staak, maar met die doelwit om op 'n latere stadium dit te her= vat en te voltooi.

Kesselman (1976:3) toon aan dat die oorgrote meerderheid studente in die V.S.A. wat hul studies staak, steeds van plan is om wel 'n graad te behaal en hul opleiding te voltooi. Dié skrywer sien sulke persone as "stopouts", maar studente wat nie beplan om hul studies te voltooi nie, as "dropouts". Ten opsigte van die tydelike uitsakker (stopouts) word gesê:

> "They withdraw for a semester or more to work, to travel, to study independantly, to do some thinking. Then, when they've found what they need outside the academia, they return to finish college" (Kesselman, 1976:3).

Ander skrywers se definisies van uitsakkers is baie meer sim= plisties en hulle tref geen onderskeid tussen tydelike en permanente uitsakkers nie.

Pervin (1966:7) sien die uitsakker as enige student wat die universiteit op enige tydstip verlaat, ongeag die rede(s):

> "... and does not obtain his degree at the same time as the class in which he originally enrolled".

Keegan (1980:54) stel dit egter dat die uitsakker vóór sy eksamen of toets kursus staak en die universiteit verlaat, on= geag die rede, of dit tydelik van aard is of nie.

Aangesien die navorser egter nie vooraf kan bepaal of 'n per= soon wat sy studies gaan staak, gaan terugkeer en sy graad gaan voltooi nie, sal dit gevolglik meer sinvol wees om kennis te dra van die twee tipes uitsakkers, maar om hul nie as twee entiteite te sien nie.

Uit bogenoemde definisies is dit dus duidelik dat 'n individu wie vir watter rede ookal die universiteit gedurende die akademiese jaar verlaat, voordat sy studies voltooi is, as 'n uitsakker gesien kan word - ongeag of dit slegs 'n tydelike, en of dit 'n permanente verlating is. Daar is dan ook van dié kriterium in hierdie ondersoek gebruik gemaak.

## 2.3 Omvang van uitsakking/studiestaking

### 2.3.1 Inleiding

Om die presiese omvang van uitsakking te bepaal, blyk 'n moeilike taak te wees en wel omdat dit wil voorkom of die kri= teria van studiestaking verskil. In 2.2.2 blyk dit reeds dui= delik dat verskillende persone - en dus ook verskillende uni= versiteite - se kriteria verskil. Daarom dat verskille tussen universiteite met omsigtigheid geïnterpreteer moet word, deur= dat verskille wat mag voorkom, nie noodwendig dui op verskille in akademiese standaard nie.

### 2.3.2 Enkele oorsese universiteite

#### 2.3.2.1 Australië

Keegan (1980:1) stel die uitsakkerspersentasie by die Open University of Australia as wisselend tussen 30% en 31% vir 1977. Dié syfer kan egter nie noodwendig as verteenwoordigend van Australië gesien word nie, aangesien dié universiteit onder andere van korrespondensiekursusse gebruik maak en dus moontlik kan verskil van universiteite waar daar nie van korrespondensiekursusse gebruik gemaak word nie.

Dié syfer dien dus slegs as 'n aanduiding van die omvang van die probleem in die betrokke universiteit. Du Plessis (1978:79) haal egter 'n studie aan waarin bevind is dat slegs 63,9% van die eerstejaarstudente wat in 1971 aan Australiese universi= teite ingeskryf het,eventueel hul grade behaal het. Per definisie impliseer dit dus 'n uitsakkerspersentasie van 36,1%.

2.3.2.2 V.S.A.

Kesselman (1976:3) toon aan dat volgens 'n landwye studie wat in 1971 in die V.S.A. onderneem is, die persentasie uitsakkers in dié land op ongeveer 53% geskat word. Cope en Hannah (1975) wys daarop dat die persentasie studente wat uitsak sedert 1930 relatief konstant gebly het op ongeveer 50%. Pervin, Reik en Dalrymple (1966) haal statistieke aan waarby dit duidelik is dat die uitsakkerspersentasie ten opsigte van universiteite in die V.S.A. radikaal verskil, wisselend van 35% by die Universi= teit van Georgia tot 80% by die Princeton Universiteit.

2.3.2.3 Brittanje

Bligh (1978) dui daarop dat die gemiddelde uitsakkerspersen= tasie in Brittanje in 1976 op 12,9% bepaal is. Ook hier het die syfers relatief konstant gebly : 13,38% in 1966 teenoor 12,9% in 1976.

2.3.3 Die Republiek van Suid-Afrika

Du Toit (1972) het in 'n ondersoek waarby 'n 20% verteenwoor= digende steekproef van eerstejaarstudente aan Blanke

universiteite in die R.S.A. bevind dat die uitsakkerspersentasie vir mans 14,5% en vir dames 12,3% is. Gouden (1983) verkry by die Universiteit van Durban-Westville 'n persentasie van 55% onder eerstejaarstudente vir die tydperk 1971-1976.

Suid-Afrikaanse statistiek vergelyk dan heel gunstig met die van ander lande.

### 2.3.4 PU vir CHO

#### 2.3.4.1 Globale syfers

Uit 'n ondersoek wat deur Du Plessis (1978) oor akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO vir die jare 1966-1975 gedoen is, wil dit voorkom of kursuskansellasie of uitsakking oor die jare relatief konstant gebly het. Dit word in Tabel 1 uitgewys :

TABEL 1 : STUDIESTAKING VANAF 1966-1975 VIR EERSTEJAARSTUDENTE AAN DIE PU VIR CHO

| Jaar | Persentasie eerstejaarstudente wat studies staak |
|---|---|
| 1966 | 12,6 |
| 1967 | 9,8 |
| 1968 | 11,5 |
| 1969 | 11,7 |
| 1970 | 9,3 |
| 1971 | 10,8 |
| 1972 | 11,4 |
| 1973 | 10,2 |
| 1974 | 14,7 |
| 1975 | 8,3 |
| Gemiddeld | 11,3 |

(Aangepas uit Du Plessis, 1978:160)

Hieruit is dit duidelik dat die laagste persentasie (8,3%) uitsakkings in 1975 en die hoogste persentasie (14,7%) in 1974 voorgekom het. Oorwegend was die spreiding egter redelik konstant.

Wanneer daar gekyk word na die globale persentasie eerstejaar=uitsakkers vir die jare 1980, 1981 en 1982 is dit belangrik om daarop te let dat alle voltydse eerstejaarstudente van alle fakulteite wat ingeskryf is vir 'n graadkursus, in die studie betrek is. 'n Eerstejaarstudent is beskou as 'n persoon wat in dié jare (1980-1982) vir die eerste keer by die PU vir CHO ingeskryf het en wat nog nie universitêre opleiding deur=loop het nie.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die PU vir CHO in 1980 nog 'n jaarkursusstelsel gevolg het, maar dat daar in 1981 oorgeskakel is na 'n semesterstelsel. Daar sal dus ook gekyk word na enige moontlike verandering wat die oorskake=ling teweeg gebring het.

TABEL 2 : STUDIESTAKING VAN EERSTEJAARSTUDENTE VIR 1980, 1981 EN 1982 AAN DIE PU VIR CHO

| Jaar | % Eerstejaar= studente wat uitsak | % Suksesvolle eerstejaar= studente * |
|---|---|---|
| 1980 | 8,91 | 14,86 |
| 1981 | 12,43 | 34,76 |
| 1982 | 9,51 | 40,9 |
| Gemiddeld | 10,28 | 30,17 |

Uit Tabel 2 is dit duidelik dat die gemiddelde persentasie uitsakkers vir die jare 1980-1983 in vergelyking met 1966-1975 ietwat afgeneem het.

---

* Suksesvolle studente is per definisie (vergelyk 2.2) dié studente wat al hulle vakke/modules slaag.

Vir die jare 1980 en 1982 was daar nie 'n groot verskil nie, maar dit is opmerklik dat daar in 1981 'n toename was - moontlik 'n aanduiding daarvan dat oorskakeling van die jaar=kursusstelsel na die semesterkursusstelsel vir 1981 tog 'n negatiewe effek gehad het deurdat daar 'n toename in die uitsakkerspersentasie was.

Wanneer daar egter gekyk word na die persentasie studente aan die PU wat suksesvol was, (weer eens is dit belangrik om daarop te let dat dié ondersoeker 'n suksesvolle student beskou as dié student wat al sy vakke/modules slaag), blyk dit dat alhoewel die persentasie suksesvolle studente toe=geneem het, die uitsakkerspersentasie ook toegeneem het. Dit is 'n aanduiding dat die risiko-student in 1981 eerder studies gestaak het as wat vakke/modules herhaal is. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die persentasie suksesvolle studente soos in 2.2.1 gedefinieer, nie ver=teenwoordigend is van die slaagpersentasie nie, aangesien 'n student nie al sy vakke in die jaarkursus hoef te geslaag het om te kon voortgaan met die volgende studiejaar nie - in die jaarkursusstelsel soos in 1980, was dit slegs nodig om drie eerstejaarkursusse te slaag. Opvallend is egter dat die persentasie suksesvolle studente van 1980 af 'n stygende tendens toon.

Daar kan egter tot die gevolgtrekking gekom word dat die oor=skakeling na die semesterstelsel 'n aanpassing was vir die student, maar dat dit reeds in 1982 gestabiliseer het. Gounden (1983) het ook in sy ondersoek bevind dat die oorskakeling van die jaarkursusstelsel na die semesterstelsel negatiewe gevolge gehad het. Ongelukkig het sy navorsing slegs die jaar na oorskakeling betrek en nie die daaropvolgende jaar nie. Of dié gevolge dus slegs tydelik was, en of stabili=sering wel plaasgevind het, is op die stadium nog onduidelik.

Tans vergelyk die PU vir CHO se slaagpersentasie gunstig met dié van ander universiteite. Só byvoorbeeld vind Gounden (1983) dat die gemiddelde slaagpersentasie van eerstejaarstudente by die Universiteit van Durban-Westville 45,1% is vir graad=kursusse.

Die resultate van 1982 van die PU vir CHO vergelyk dus gunstig daarmee, veral wanneer die huidige ondersoeker se streng slaagkriteria in ag geneem word. Ook vergelyk die PU se uitsakkerspersentasie baie gunstig (vergelyk 2.3.5).

2.3.4.2 Omvang volgens geslag

Cope et al. (1975) haal studies aan waarby dit wil voorkom of daar nie 'n beduidende verskil van uitsakking tussen die twee geslagte voorkom nie, en indien daar wel 'n verskil voorkom, dit aan bepaalde oorsake toegeskryf kan word. So verklaar hulle dan ook Iffert se resultate van 61% mans wat uitsak teenoor 59% dames aan die hand van die feit dat daar 'n Koreaanse konflik op daardie stadium was en baie mans studies gestaak het om aan die oorlogsfront diens te doen (p.14).

Ander navorsers verskil egter hiervan : Uit 'n ondersoek wat in 1981 by die Universiteit van Durban-Westville gedoen is, bevind Behr (1981:22) dat 72,62% van die uitsakkers mans is, teenoor die 27,38% dames.

Du Plessis (1978) toon in sy ondersoek van 1966 - 1975 aan dat damestudente aan die PU vir CHO minder geneig was om hul studies te staak as manstudente. Vir die tydperk 1966-1975 lyk die verskille tussen mans- en damestudente soos volg :

TABEL 3 : VERGELYKING VAN UITSAKKERS : MANSTUDENTE TEENOOR DAMESTUDENTE AAN DIE PU VIR CHO *

| Jaar | % dames wat uitsak | % mans wat uitsak |
|---|---|---|
| 1966 | 9,8 | 14,6 |
| 1967 | 6,8 | 12,5 |
| 1968 | 11,0 | 12,0 |
| 1969 | 7,6 | 15,1 |
| 1970 | 6,8 | 11,7 |
| 1971 | 7,8 | 14,3 |
| 1972 | 9,0 | 14,6 |
| 1973 | 9,4 | 13,0 |
| 1974 | 12,2 | 17,3 |
| 1975 | 6,1 | 10,7 |
| Gemiddeld | 8,6 | 13,9 |

(* Aangepas uit Du Plessis, 1978)

Du Plessis (1978:161) stel dit dan soos volg :

> "Die verskynsel dat damestudente aan Suid-Afrikaanse universiteite in die algemeen akademies beter presteer as manstudente openbaar hom blykbaar aan die PU vir CHO reeds in die persentasie manstudente en damestudente wat gedurende hul eerste studiejaar kursusse kanselleer".

Uit voorafgaande is dit dus duidelik dat daar nie konsensus bestaan oor watter geslag meestal uitsak nie, tog wil dit voorkom of in die Republiek van Suid-Afrika, en dan ook op die PU vir CHO, uitsakkers meestal tot die manlike geslag behoort.

Die huidige ondersoeker se resultate toon dieselfde tendens, maar die verskil tussen die twee geslagte se uitsakkingsper= sentasie aan die PU vir CHO is nie groot genoeg om beduidend te wees nie. Vir 1980-1983 lyk die resultate dan soos volg :

TABEL 4 : PERSENTASIE MANLIKE EERSTEJAARSTUDENTE TEENOOR PERSENTASIE VROULIKE EERSTEJAARSTUDENTE WAT UITGESAK HET VIR 1980-1983

| Jaar | % Manlike uitsakkers | % Vroulike uitsakkers | Totale % uitsakkers |
|---|---|---|---|
| 1980 | 3,93 | 4,98 | 8,91 |
| 1981 | 6,62 | 5,81 | 12,43 |
| 1982 | 5,48 | 4,03 | 9,51 |
| Gemiddeld | 5,34 | 4,94 | 10,28 |

### 2.3.4.3 Omvang van uitsakking volgens studierigting

Uit Behr (1981) se ondersoek wil dit voorkom of die grootste persentasie uitsakkers uit die Lettere-fakulteit afkomstig is (32,54%) en die laagste persentasie uit die Teologiese-fakulteit.

Du Plessis (1978) het by die PU bevind dat vir die jare 1970-1975 die grootste aantal uit die Regsfakulteit voorgekom het en die laagste persentasie uit die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Gounden (1983) vind in sy ondersoek by die Universiteit van Durban-Westville vir die jare 1971-1976 dieselfde tendens as dié van Du Plessis (1978) met betrekking tot die hoë persentasie uitsakkers in die Regsfakulteit.

Die huidige ondersoeker bevind vir die jare 1980-1983 dié volgende :

TABEL 5 : 'n FAKULTEITSGEWYSE VERGELYKING VAN UITSAKKING : 1980, 1981 EN 1982 AAN DIE PU VIR CHO

| | B.A. (suiwer) | B.A. (gerigte grade) | B.Com. en B.Rek. | B.Juris en B.Proc. | HOD (sek) | B.Sc. (suiwer en toegepas) | B.Pharm. | B.Ing. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1980 | 10,4* | 9,6 | 10,07 | 5,95 | 14,28 | 5,6 | 5,79 | 7,04 |
| 1981 | 12,5 | 33,3 | 10,43 | 5,5 | 8,19 | 13,5 | 12,0 | 7,0 |
| 1982 | 9,1 | 23,0 | 10,6 | 10,3 | 11,9 | 9,8 | 3,8 | 15,2 |
| Gemiddeld | 10,66 | 21,96 | 10,36 | 7,25 | 11,45 | 9,63 | 7,19 | 9,74 |

* In persentasie

Uit Tabel 5 is dit duidelik dat die grootste persentasie uitsakkers die afgelope drie jaar vanuit die B.A.(gerigte grade) afkomstig was. ( By gerigte B.A.-grade word inge= sluit B.A.(Beeldende Kunste), B.Bibl. (Biblioteekkunde), B.Art.et Sc.(Beplanning), B.A.(Kommunikasiekunde), B.Art. et Sc.(Verpleegkunde),B.Mus., B.Prim.(Ed), B.A.(Ed) en B.A.(MW)).

Dit is interessant om daarop te let dat die grootste per= sentasie uitsakkers (nie net eerstejaar-uitsakkers nie) in Du Plessis (1978) se studie uit die Regsfakulteit afkomstig was, maar dat die situasie met betrekking tot die eerste= jaars aan die PU vir CHO tans anders voorkom. Die persen= tasie uitsakkers by die gerigte B.A.-grade moet egter ook met omsigtigheid geïnterpreteer word deurdat die getal studente in daardie kursus relatief laer was as by ander kursusse en gevolglik is die resultate daardeur beïnvloed. Wanneer die huidige syfers dan ook met dié van Du Plessis (1978) vergelyk word, is dit belangrik om daarop te let dat die huidige ondersoeker alle B.A.-rigtings nie gekombi= neer het soos die vorige ondersoeker nie, maar dat 'n onder= skeid getref is tussen B.A. (suiwer) en B.A. (gerigte grade).

Ten opsigte van Aptekerswese het die kleinste persentasie uitsakkers voorgekom. Die gemiddelde slaagpersentasie vir dié drie jare kom op 33,9% te staan - dit is 'n aanduiding daarvan dat daar 'n groot aantal studente in die kursus is wie vakke/modules herhaal, eerder as wat hulle studies staak.

2.3.4.4 Omvang van uitsakking volgens koshuisinwoning <u>teenoor nie-koshuisinwoning</u>

Die huidige ondersoeker het bevind dat vir 1982, 74,3% van die uitsakkers in die koshuis woonagtig was. Uit die beskik= bare inligting blyk dit dat 80,3% van die suksesvolle studen= te koshuisstudente was, terwyl slegs 19,7% privaat gewoon het. Om egter te bepaal of dié syfers enigsins statisties beduidend is, het die huidige ondersoeker deur middel van die Chi-kwadraat-tegniek (soos beskryf in Swanepoel en Van der Watt (1980))bepaal of daar 'n beduidende verband tussen

uitsakking en koshuisinwoning bestaan. Die hipotese van geen betekenisvolle verband Ho = 0 word gestel.

Die formule gebruik, lyk soos volg :

Chi-kwadraat = N (Phi-kwadraat)

waar N = aantal persone betrek.

$$\therefore \quad \chi^2 = N\phi^2$$

$$\text{en} \quad \phi^2 = \frac{/ bc - ad /}{\sqrt{(a+c)(b+d)(a+b)(c+d)}}$$

waar a = aantal suksesvolle studente woonagtig in die koshuis

b = aantal suksesvolle studente nie woonagtig in die koshuis nie

c = aantal uitsakkers woonagtig in die koshuis

d = aantal uitsakkers nie woonagtig in die koshuis nie.

Skematies kan dit soos volg voorgestel word :

| | Aantal in koshuis | Aantal nie in koshuis | Totaal |
|---|---|---|---|
| Suksesvolle studente | 328 (a) | 80 (b) | 408 |
| Uitsakkers | 55 (c) | 19 (d) | 74 |
| Totaal | 383 | 99 | 482 |

Hieruit volg dit dus dat

$$\phi = \frac{/ (80)(55) - (328)(19) /}{\sqrt{(328+55)(80+19)(328+80)(55+19)}}$$

$$= \frac{/ 4400 - 6232 /}{\sqrt{1144790064}}$$

$$= \frac{1832}{33834,75}$$

$$= 0,0541$$

$$\text{maar } \chi^2 = N\phi^2$$
$$= 482\ (0{,}00541)^2$$
$$= 482\ (0{,}00293)$$
$$= 1{,}41$$

Volgens Tabel IV van Du Toit (1969:57) is 'n verkreë $Chi^2$ - waarde van groter of gelyk aan 3,84 beduidend op die 5%-peil van waarskynlikheid (by een graad van vryheid).

Gevolgtrekking


Daar bestaan nie 'n beduidende verband tussen uitsakking en koshuisinwoning nie. Die nulhipotese word dus aanvaar.

2.3.4.5 Omvang van uitsakkings volgens maande van die jaar

Uit 'n ondersoek wat deur Gouws (1984) met eerstejaarstudente van 1980 gedoen is, blyk dit dat die grootste getal uitsak=kings gedurende Februarie en Maart voorgekom het. Die vol=gende grafiek bied persentasiegewys 'n aanduiding van die pa=troon van uitsakking gedurende 1980, 1981 en 1982.

*Grafiek 1: Spreiding van studiestaking deur die jaar: (vir 1980; 1981 en 1982 aan die P.U. vir C.H.O.)*

Spreiding van studiestaking deur die jaar: (vir 1980, 1981 en 1982 aan die P.U vir C.H.O.)




AANGEBIED IN PERSENTASIE

1980 ( Jaarkursusstelsel )

1981 ( Semesterkursusstelsel )

1982 ( Semesterkursusstelsel )

Uit die grafiek kom die volgende na vore :

In 1980 het die grootste persentasie uitsakkings in Februarie voorgekom. (Tydens dié jaar is daar nog van die jaarkursusstelsel gebruik gemaak). Dit wil voorkom of verdere hoogtepunte voorgekom het in Mei en Augustus, dit wil sê na afloop van die oriënteringstoetse in Mei, en met die aanvang van die toetsreeks in Augustus. Dit wil dus voorkom of 'n groot aantal studente na die winterreses nog teruggekeer het, maar met die aanvang van die toetsreeks in Augustus hulle studie gestaak het. Die instelling van die semesterstelsel het egter 'n drastiese toename in uitsakking in Julie teweeggebring - die grootste aantal uitsakkers in 1982 het in Julie voorgekom - direk na afloop van die eksamen en bekendmaking van die uitslae.

Hieruit kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die Junie-eksamens in geval van die semesterkursus klaarblyklik as beter siftingsproses dien as in geval van die jaarkursus.

Die groot persentasie uitsakkers in Februarie in 1980, 1981 en 1982 kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat 'n aantal studente voorwaardelik by die universiteit ingeskryf het, maar nie volle matrikulasievrystelling verkry het nie, en dus na bekendmaking daarvan in Februarie hulle studie gestaak het.

Uit al die jare in die ondersoek betrek, was dit duidelik dat baie studente voór Junie uitsak en gevolglik vir subsidiedoeleindes verlore gaan. Vir die tydperk voor die subsidieuitbetaling was hul gevolglik vir die universiteit 'n finansiële verlies.

## 2.4 Faktore wat 'n rol kan speel by studiestaking

### 2.4.1 Inleiding

Die mens - en dus ook die student - is 'n multimodale wese wat vanuit sy verskillende lewensfasette op 'n unieke wyse

funksioneer. Daarom sal dit naïef wees om te probeer bepaal watter enkele faktor die belangrikste rol speel met betrekking tot uitsakkings. Die mens is onafskeidbaar deel van sy agtergrond en herkoms, maar tog kan dit nie sonder meer aanvaar word dat dit sy gedrag sal bepaal nie. Selfs sy psigologiese funksionering is uniek, en alhoewel daar sekere tendense (hetsy sosiaal, maatskaplik of religieus) by uitsakkers voorkom, is dit steeds nie bepalende faktore by studiestaking nie - maar moontlik bloot onderliggende fasette.

Dit is dus belangrik om daarop te let dat die volgende algemene faktore in wisselwerking met mekaar is en dat dit kulminerend kan bydra tot uitsakking, maar dat daar steeds voorsiening gemaak moet word vir individuele verskille waar dié faktore nie noodwendig 'n bydrae sal lewer nie.

## 2.4.2 Psigologiese faktore

### 2.4.2.1 Inleiding

Uit die literatuur wil dit voorkom of daar wel bepaalde onderliggende psigologiese meganismes betrokke is by uitsak= king, maar dat daar nie 'n uitsakkersprofiel geïdentifiseer kan word wat as voorspellingsmodel kan dien nie. Cope et al. (1975:23) stel dit soos volg :

> "Whereas personality studies have increasingly been used to develop a profile of the dropout student, we are inclined to suggest that the results of these in= vestigations have shed little light on the matter, since they suffer from the same problems of sampling, measurement and design...".

Benewens die feit dat daar sekere metodologiese probleme kan wees in persoonlikheidsnavorsing, is die huidige ondersoeker van mening dat sekere eienskappe by die uitsakker geïdenti= fiseer kan word wat as 'n onderliggende persoonlikheidsfaset predisponerend kan meewerk tot uitsakking, maar dat daar -

vanweë die unieke aard van elke mens - moeilik 'n determinis= tiese profiel saamgestel sal kan word wat as onfeilbare voorspeller van uitsakkings sal kan dien. In bestaande literatuur is daar dan ook reeds enkele persoonlikheidskompo= nente geïdentifiseer wat kan bydra tot studiestaking.

Sommige navorsers (Beck,1980; Feldman en Newcomb,1969 en Pitcher en Blaushild,1970) stel meer oorsigtelike faktore daar, terwyl andere (Cope et *al.*,1975; Du Toit, 1972; Grobler, 1973; Miller, 1970; Pervin et *al.*,1966 en Saenger-Ceha, 1970) spesifieke faktore identifiseer.

Daar sal vervolgens op sommige psigologiese faktore gelet word wat predisponerend tot uitsakking kan meewerk :

2.4.2.2 Sosiale onttrekking

Uit die literatuur wil dit voorkom of die uitsakker dikwels 'n alleenloper is. Saenger-Ceha (1970,pp.17-19) sê :

> *"Social isolation as a factor in drop-out is further indicated in a study by Alfert who reports that the highest drop-out rates were among students living in rooms, boarding houses ...".*

Ook in studies wat deur Cope et *al.*(1975) met behulp van die Omnibus Personality Inventory gedoen is, word dit duidelik aangetoon dat die uitsakker geneig is tot onttrekking en isolasie.

Grobler (1973) haal verskeie studies aan waarin bevind is dat die uitsakker minder aan sosiale aktiwiteite deelgeneem het as die nie-uitsakker, en minder betrokke by buitemuurse aan= geleenthede was.

2.4.2.3 Spanning en angs

Dit wil voorkom of spanning daartoe kan bydra dat 'n student sy studies staak. Uit die literatuur blyk dit egter dat spanning meer in verband gebring word met interpersoonlike en heteroseksuele aspekte en problematiek.

Swak sosialisering en swak inskakeling by studentegroepe kan ook tot spanning aanleiding gee :

"Our data suggest psychological stress and resulting withdrawal may be a symptom of poor relationships",

en verder :

"... rather than the academic environment being a cause of severe psychological stress" (Cope et al. 1975,pp. 23-24).

Pervin et al. (1966) onderskei drie tipes uitsakkers met hul reaksiewyses en hantering van spanning :

(i) Ten eerste onderskei hulle die akademies-onsukses=volle student by wie spanning ontstaan as gevolg van sy swak prestasie. Dié student sak dan dikwels uit wanneer hy nie meer die spanning kan verduur nie.

(ii) Tweedens toon Pervin et al. (1966) aan dat akademies-suksesvolle studente ook uitsak as gevolg van spanning. Dié tipe student stel dikwels hoë eise aan homself, en dit kan self ook spanning ontlok. Die enigste wyse waarop hy sy onrealistiese eise (en dus ook sy spanning) kan hanteer, is deur om op 'n kompulsiewe wyse te studeer.

Pervin et al. (1966:117) stel dit soos volg :

"Paradoxically, traits which so often lead to success sometimes lead to psychological symptoms. The answer to the paradox is that the characteristics may repre=sent a psychological defence against anxiety"

en verder

"The compulsiveness becomes inefficient repetitiveness of overattention to minor details, or it no longer wards off the basic anxiety so that the individual becomes paralyzed psychologically. These types of decompensation may lead to dropping out..".

(iii) Derdens toon dié outeurs aan dat sommige studente uitsak omdat hulle voel dat hulle té veel tyd en energie aan studie moet bestee en dat hul groei=potensiaal in ander lewensterreine daardeur geïn=hibeer word.

Behalwe vir die angs- en spanningseffek wat al bogenoemde faktore op die individu het, kan aspekte soos die huislike omstandighede, geloofstwyfel, vriendekring en finansiële kwessies ook spanning ontlok.

Wat die oorsaak en intensiteit van die spanning ookal mag wees, is verskillende skrywers (Cope et *al.*,1975; Pervin et *al.*, 1966 en Van Dyk, 1978) dit eens dat spanning 'n negatiewe effek op die student het en dat uitsakking dik=wels as 'n vermyding of eliminasie van die spanningsbron gesien kan word.

Du Toit (1972:246) meen :

> *"Hoe angstiger 'n student is, hoe makliker gooi hy tou op wanneer hy voor 'n moeilike probleem te staan kom".*

Spanning kan die gevolg wees van baie faktore, en dikwels 'n kombinasie van faktore, en om dus slegs spanning as oorsaak vir uitsakking te veronderstel, sou naïef wees.

2.4.2.4 <u>Gebrek aan selfvertroue</u>

Sommige ondersoekers (onder andere Gombrink,,1970 en Behr, 1981) wys op die verband tussen gebrekkige selfvertroue, swak prestasie en uitsakking. Ook Grobler (1973) haal studies aan waarin bevind is dat studente wat hul kursusse voltooi het, meer selfvertroue het as diegene wat dit nie voltooi het nie. Dit wil egter voorkom dat wanneer 'n per=soon nie oor voldoende selfvertroue beskik nie, dit vir hom moeilik is om homself te handhaaf en sy potensiaal te laat realiseer - die gevolg is dan dikwels swak prestasie en/of uitsakking.

2.4.2.5 Identiteitskrisis

Reik en Levenson (soos aangehaal deur Miller (1970)) toon aan dat uitsakkers op universiteit in werklikheid 'n identi= teitskrisis beleef. Ook Chickering (soos aangehaal deur Cope et al.,1975:35) toon aan dat die individu in dié fase steeds soek na 'n eie identiteit - wat in sommige gevalle so problematies kan wees dat dit tot uitsakking kan lei. Die dilemma van die uitsakker is daarin geleë dat sy eie identiteit en ook sy rol in die akademiese milieu nog vir hom vaag en diffuus is. Hy bevind hom nie net in 'n milieu van dikwels teenstrydige norme en waardes nie, maar hy is dikwels in konflik met dit wat die gemeenskap van hom ver= wag, teenoor wat hy van homself verwag. Feldman en Newcomb (1969) sê dan dat waar daar inkongruensie tussen die self en die omgewing is, dit tot uitsakking kan lei.

2.4.2.6 Interpersoonlike verhoudings

Die student is daagliks in noue kontak met andere en uiter= aard het sy mede-studente 'n baie belangrike invloed op sy funksionering en aanpassing. Omdat daar reeds in 2.4.2.3 verwys is daarna dat interpersoonlike probleme spanning kan veroorsaak en dus indirek tot uitsakking kan lei, word dit hier slegs kortliks genoem.

Dit is interessant om daarop te let dat Combrink (1970) in sy ondersoek bevind het dat studente wat 'n hegte en intieme heteroseksuele verhouding het, akademies beter vaar as stu= dente wat wel 'n verhouding het, maar hulself as "nie-slepers" klassifiseer. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat 'n vaste verhouding minder onsekerheid (en dus ook spanning) ontlok as 'n nie-vaste verhouding.

Behalwe vir heteroseksuele verhoudings, kan vriendskapsver= houdings met dieselfde geslag - en veral in die koshuismilieu - ook konflik by die student ontlok. Wanaanpassing in die kos= huis en studentemilieu kan dus ook tot uitsakking lei.

2.4.2.7 Samevatting

In die voorafgaande gedeelte is gepoog om slegs enkele psigologiese faktore te isoleer wat tot uitsakking kan by= dra. By sommige studente mág onderliggende persoonlikheids= komponente predisponerend kan meewerk tot uitsakking, maar nie noodwendig nie. Soos Cope et al. (1975:102) dit stel :

> "It seems clear too, that there is no dropout persona= lity, only individual personalities interacting with different campus environments, at various times in their mutual and changing lives".

Dit wil dus voorkom of uitsakking eerder 'n simptoom is van 'n onderliggende probleem in die student se persoonlikheids= funksionering.

2.4.3 Gesinsagtergrond

Merrill (soos aangehaal deur Miller, 1970) het in 'n studie van 296 manlike proefpersone bevind dat daar 'n korrelasie is tussen deursettingsvermoë en gesinsagtergrond - hoe meer stabiel en harmonieus die gesinsagtergrond, oor hoe groter mate van deursettingsvermoë beskik die individu. Dit blyk dat suksesvolle studente neig om uit gesinne te spruit waar daar vryheid van denke en goeie kommunikasie tussen die gesinslede onderling teenwoordig is.

Ten opsigte van die gesinsagtergrond van die uitsakker kom die volgende eienskappe volgens Levenson (1966:197) na vore:

a) Die ouer(s) van die uitsakker is dikwels teleurgesteld in hulself en die wyse waarop hulle hul lewens benut het, en op 'n subtiele wyse word hierdie teleurstelling en wanhoop oorgedra aan hul kinders.

b) Oormatige klem word geplaas op harde werk, ordelikheid en pligsbesef en die ouers poog hard om model-ouers te wees, dog slaag hulle nie daarin nie :

"We have never seen parents who on the whole worked so hard to be good parents, and yet they telegraph to their children an underlying note of discontent and rebellion" (p.197).

Levenson spekuleer gevolglik oor die moontlikheid dat die kinders deur studiestaking die onbewuste rebellie en onte= vredenheid van hul ouers na vore bring.

c) Voorts wil dit voorkom of dié ouers oormatig angstig en bekommerd was toe hul kind universiteitsopleiding begin het - dit plaas die student in 'n konfliksituasie: sy studies wek kommer by die ouers en skuldgevoelens by die kind, maar daarteenoor sal sy ouers voel hulle het gefaal indien hy sy studies staak. Dit is dan ook kenmerkend dat alhoewel dié ouers so 'n hoë premie op harde werk en toewyding plaas, hulle oppervlakkiglik baie begrypend en simpatiek is wanneer hy studies staak - hulle verwyt hom dus nie - eerder hulself om= dat hulle as ouers gefaal het.

d) Dit wil voorkom of die ouers van die uitsakker dikwels self probleme ondervind het op universiteit - dat hulle byvoorbeeld die universiteit moes verlaat om hulle gesinne te onderhou.

Die invloed wat die ouer het in die bepaling van sukses en uitsakking word dikwels onderskat. Die student het in sy vormingsjare reeds bepaalde gedragswyses aangeleer en dit tesame met sy identifikasie met sy ouers gaan in 'n baie groot mate bepaal hoe hy konfliksituasies in die universiteitsopset sal hanteer. Die ouerlike verwagting is uiteraard baie be= langrik. Hirsch en Keniston (1970,pp.8-9) toon aan dat vaders in hul verwagtings soms kinders dwing in 'n studierig= ting waarin hulle nie belangstel nie. Die kind introjekteer dikwels sy vader of moeder se onvervulde ideale en kan dan as gevolg van gebrekkige vermoëns en/of belangstelling nie aan die akademiese eise voldoen nie.

So ook kan 'n student voel dat sy ouers onrealistiese eise aan hom stel en dat hy aanvaar word deur sy ouers bloot op grond van sy akademiese prestasie eerder as aanvaarding van hom as persoon.

Marks (1967) bevestig deur sy ondersoek die belangrikheid van aanvaarding en ondersteuning deur die ouers.

De Beer (R.G.N.-ondersoek na milieu en agtergrondsfaktore wat verband hou met skoolstaking van sekondêre skoolleerlinge in die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied, 1977) haal verskeie werke aan wat die ouers se aspirasie as belangrike faktor vir sukses geïdentifiseer het. Die standpunt word gehuldig dat indien daar genoegsame aspirasies by die ouers teenwoordig is, dit ook die aspirasievlak van die kind stimuleer en dat dit 'n posi= tiewe bydrae kan lewer tot die bereiking van sukses op skool. Tog is dit belangrik dat daar nie 'n onrealistiese aspirasie= vlak teenwoordig moet wees nie, maar eerder aanvaarding en ondersteuning. Veral laasgenoemde twee komponente word deur Marks (1967:215) as baie belangrik beskou.

Verskeie skrywers (Grobler, 1973; Levenson, 1966; Miller,1970 en Pitcher et al.,1970) dui op die belangrike rol wat die gesinslewe speel in die bepaling van akademiese sukses, alhoe= wel op 'n meer indirekte wyse, veral met betrekking tot persoon= likheidsvorming.

2.4.4 <u>Sosio-ekonomiese faktore</u>

Uit die Amerikaanse literatuur blyk dit dat dit nie 'n bepaalde sosio-ekonomiese agtergrond is waaruit die individu kom wat 'n belangrike rol ten opsigte van uitsakking speel nie, maar eer= der dat dit die persoonlike eienskappe en sy omgewing is wat sal bepaal of hy suksesvol is al dan nie.

Miller (1970:37) stel dit soos volg :

> "... what matters is not the social class from which the person originates, but rather it is the characteristics of the person and his social environment which influen= ces his attainment".

Dit is egter belangrik om te onthou dat die oorgrote meerder= heid van die universiteitsbevolking in die V.S.A. tot 'n so= genaamde geselekteerde middelklas- en hoër groep behoort :

> "When examining the effects of social class, or any variable, on student performance in higher education we must take into reckoning the fact that we are considering a select group. Not are they generally of superior ability, but they are also of a comparatively range of social class. This means that we should not expect social class to have such an overall influence in higher education as for the whole range of the population, be= cause the standard deviation, or spread, will have shrunk ..." (Miller, 1970:38).

Dit wil dus voorkom of sosiale klas per se nie in die V.S.A. in direkte verband staan met uitsakking nie, maar dat dit 'n indirekte rol speel : die student uit 'n hoër sosio-ekonomiese groep is vanweë sy agtergrond meer gestimuleer en ingestel op die aktualisering van potensiaal. Sosiale druk en vriende, asook die student se waardes en doelstellings speel ook 'n belangrike rol in die volharding in studie. Die student uit die laer sosio-ekonomiese stand skyn uiteraard moeilik aan te pas by die middel- en hoërklas standaarde van die universiteit hetsy akademies en/of sosiaal.

Ten opsigte van Suid-Afrikaanse toestande is inligting egter beperk. Slegs die R.G.N.-ondersoek van De Beer (1977) wat gedoen is ten opsigte van uitsakking op skool kan opgespoor word. Dié skrywer het in sy ondersoek bevind dat uitsakkers hoofsaaklik spruit uit gesinne waar die vader lae sosio-ekono= miese beroepe beoefen. Daar kan egter kritiek teen dié navor= ser se ondersoek ingebring word : hy beskou in sy ondersoek beroepe soos geskoolde ambagsmanne, boere en pensioentrekkers as behorende tot die laer sosio-ekonomiese groepe, terwyl dit nie noodwendig die geval is nie. Erens (1977) kon in sy onder= soek geen verskil vind tussen die inkomstegroep van die vader enersyds en akademiese sukses andersyds nie.

Uit die Amerikaanse literatuur wil dit voorkom of daar nie 'n direkte verband tussen die twee veranderlikes is nie. Wat Suid-Afrikaanse toestande betref, is inligting beperk, maar daar bestaan ook teenstrydighede en daarom kan dit nie sonder meer aanvaar word dat die sosio-ekonomiese stand of beroep van die vader wel 'n invloed het nie.

Trouens, Pitcher (1970:73) toon aan dat die beroep van die vader op sommige individue selfs 'n negatiewe effek kan hê :

> "Some sons of successful men have the motivation, but are so overwhelmed by their fathers' success that they are defeated before they start out in life".

Dit is uit die voorafgaande dus duidelik dat die invloed van die sosio-ekonomiese stand en die vader se beroep op 'n meer indirekte wyse 'n bydrae lewer en dat dit nie noodwendig as voorspeller van akademiese sukses sal dien nie.

### 2.4.5 Maatskaplike faktore

Wat maatskaplike faktore betref, blyk daar ook 'n wesenlike verskil te wees tussen Amerikaanse en Suid-Afrikaanse toe= stande. So toon Kubie (1966:24) aan dat daar in die V.S.A. 'n verandering in die maatskaplike orde ingetree het wat by= dra tot die probleem van uitsakking : tydens die vorige deka= des is daar van die kind verwag om, sodra hy oud genoeg is, op 'n produserende wyse by te dra tot die bevrediging van die gesin se materiële behoeftes, en om op 'n indirekte wyse dan ook die welsyn van die samelewing te bevorder.

So byvoorbeeld moes baie seuns na skool werkies verrig, waar= van die inkomste bydraend tot die onderhouding van die gesin benut is. Elke gesin kon dus as 'n produserende eenheid gesien word. Daar het egter 'n klemverskuiwing plaasgevind, deurdat waar die jongmens in die V.S.A. vroeër geïdentifiseer het met die rol van produseerder, daar nou geïdentifiseer word met die rol van verbruiker. Die verbruikersrol impliseer dan ook dat daar baie klem geplaas word op die hier-en-nou, eerder as op die toekoms :

> "Instead of responsible sharing in the productive activities of the adult world, youth now goes through long years of preparation for a future that seems to him so far off as to be both unreal and uncertain" (Kubie,1966:24).

Hiérdie rol van verbruiker - eerder as produseerder - asook die veranderde houding wat die gemeenskap in die V.S.A. in= neem ten opsigte van studie-uitsakking, dra dan wesenlik by tot die probleem. Die gemeenskap begin in toenemende mate uitsakking aanvaar - 'n aspek wat sommige skrywers as posi= tief ervaar. Pervin (1966:18) haal Shriver in verband hier= mee aan :

> "If the college sophomore wants to drop out of school, let him. If the bored or the confused or the burned-out undergraduates have a short, meaningful interlude - a sojourn in reality - for a year or two years, so that he can come back revitalized, committed, concerned enough to finish both college and graduate work".

So toon Cope et al.(1975:137) aan :

> "Individuals should be able to 'drop in' and 'drop out' of college without social stigma".

Dit wil egter voorkom of daar in Suid-Afrika nie die verande= ring ten opsigte van die maatskaplike orde ingetree het nie. Trouens, daar word in toenemende mate van die universiteite en hul studente verwag om op 'n produserende wyse by te dra tot die ontwikkeling van die land en die daarstelling van die nodige mannekrag. In die SANSO-verslag 115 word dié aspek beklemtoon : dit word naamlik gestel dat daar in die afgelope dekade groot druk uitgeoefen word deur werkgewers, werkgewers= organisasies, regeringsowerhede en ook deur studente op die universiteit, om studente voor te berei vir hul verantwoorde= like rol as produseerders en voorsieners van mannekrag. Die gemeenskap in Suid-Afrika stel dan ook bepaalde standaarde en vereistes aan die universiteite op grond van die feit dat die universiteite op 'n indirekte wyse via die staat deur die gemeenskap gesubsidieer word.

In ruil vir hierdie finansiële steun verwag die Suid-Afrikaanse gemeenskap van die student om op 'n kreatief-produserende wyse sy bydrae te lewer tot die welvaart en voorspoed van die gemeen=skap. (SANSO-verslag 115, 1982:20).

Daarom dan dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap uitsakking nog in 'n baie ernstige lig beskou - moontlik ook vanweë die feit dat Suid-Afrika steeds nie oor voldoende opgeleide mannekrag beskik om aan al sy behoeftes te voldoen nie. Grobler (1973:2) stel dit soos volg :

> "Die verlies aan hooggeskoolde mannekrag in baie gebiede waar daar wel 'n tekort aan opgeleide mannekrag is, is een van die grootste enkele probleme wat teweeggebring word deur die feit dat talentvolle studente dikwels hul studies staak".

Ook ander Suid-Afrikaanse navorsers plaas klem op die verlies in mannekrag en in potenisaal wanneer 'n student studies staak of onsuksesvol is (Behr, 1981; Botha, 1971 en Du Toit, 1972).

Daarbenewens sien Suid-Afrikaners universitêre opleiding in 'n groot mate nog soos volg :

> "Possession of a university degree confers status and the potential to rise to positions of power and influence. A degree is therefore a prized possession and is in great demand in society" (SANSO-verslag 115, 1982:19).

2.4.6 <u>Aanleg</u>

Cope et al. (1975) toon aan dat dit wil voorkom of die uitsak=ker oor die algemeen laer tellings behaal op aanlegtoetse as die suksesvolle student, maar dat dit bloot statisties bedui=dend is en nie alleen as voorspeller van sukses sal kan dien nie. Hulle stel dit soos volg :

> "Academic ability alone, however, is not useful in any practical sense for predicting who will drop out..." (p.10).

Hierdie bevinding word dan ook deur Van Dyk ( 1978:103) ondersteun.

Aanleg as 'n faktor by studiestaking is egter belangrik, omdat:

a) 'n student wat nie oor die nodige potensiaal beskik vir 'n bepaalde kursus nie, ook kan uitsak; of

b) 'n student wat 'n verkeerde studierigting volg en dus nie sy aanleg en potensiaal ten volle benut nie, moontlik frustrasie kan ervaar wat ook tot uitsakking kan lei.

Die kanalisering en benutting van 'n individu se aanleg blyk dus 'n belangrike faktor te wees in die bepaling van sukses. 'n Persoon kan oor goeie kognitiewe vermoëns beskik en steeds uit=sak. Trouens, Gouws (1984) het in sy ondersoek bevind dat die uitsakker by die B.A.- en gerigte B.A.-grade betekenisvol beter gevaar het op vyf subtoetse van die Senior Aanlegtoets. Hy sê :

> "Wat dié bevindings nog meer gekompliseerd maak, is dat al vyf subtoetse baie sterk op 'n verstandsfaktor slaan. Die uitsakkers het dus beslis nie as gevolg van 'n gebrek aan kognitiewe vermoëns misluk nie" (p.18).

Aanleg kan dus bloot gesien word as potensiaal, maar dat die benutting van die potensiaal tog sal afhang van elke individu. Sonder die nodige potensiaal sal die student egter ook nie suk=sesvol kan funksioneer nie. Inligting oor die verband tussen aanleg en uitsakking is egter beperk en behoort verder onder=soek te word.

2.4.7 <u>Belangstelling</u>

By Afdeling 2.5, waar daar gelet word na die redes waarom stu=dente uitsak, sal dit na vore kom dat gebrekkige belangstelling as een van die oorsake aangegee word. Grobler (1973) haal dan ook in dié verband verskeie studies aan (Gekoski en Schwartz, Knoell, Cummings en andere) waaruit dit duidelik is dat gebrek=kige belangstelling 'n bepalende rol kan speel in 'n student se besluit om studies te staak.

Uit 'n ondersoek wat deur Gouws (1984) gedoen is, blyk dit dat 11,3% van die uitsakkers hul studies gestaak het as gevolg van gebrekkige belangstelling.

Sy resultate stem dus grootliks ooreen met wat deur Iffert (soos aangehaal deur Cope et al. 1975) verkry is.

'n Interessante aspek wat deur Miller (1970) aangetoon word, is dat dit wil voorkom of 'n breë belangstellingsveld akademies meer bevorderlik is as 'n enge, dog diepere belangstellingsveld. Hy toon ook aan dat belangstelling by die uitsakker dikwels berus op prestasie : wanneer 'n student goed vaar in 'n betrokke vak, sal hy ook daarin "belangstel" en andersom.

'n Belangrike aspek, verbonde aan belangstelling, is motivering, deurdat gebrekkige belangstelling kan lei tot swak motivering.

2.4.8 Motivering

Gouws et al.(1979:192) definieër motivering onder andere soos volg :

> "Aktiwiteit wat daarop gerig is om een of meer persone aan te spoor om iets te doen of om iets met geesdrif te doen".

En Bruwer (soos aangehaal in Grobler, 1973) sien studiemotivering as die dryfkrag agter die handeling om te studeer. Dit wil dus voorkom dat wat ookal die bron van motivering is, motivering van groot belang by studies is.

Borup, Elliott en Guinn (1968) onderskei by die student die volgende tipes motivering :

a) Beroepsmotivering : Hulle sien dit waar die student studeer met die oog op die verkryging van 'n graad met die doel om 'n bepaalde beroep te kan volg. Dié student is dus oortuig van sy beroepskeuse en studies is dus vir hom die middel daartoe. Dit hou verband met Marks (1967) se siening dat swak motivering soos dit blyk uit 'n gebrek aan beroeps- en studiebelangstellings 'n baie belangrike verband toon met uitsakking.

b) Akademiese motivering : hier is die verkryging van kennis en akademiese prestasie belangrik. Dit gaan dus by dié

tipe motivering om die verkryging van naskoolse oplei= ding ter wille van intellektuele stimulasie en ontwikke= ling, eerder as wat dit gaan om voorbereiding vir 'n be= paalde beroep. Akademiese motivering kan in verband ge= bring word met die behoefte aan prestasie. McClelland (soos aangehaal deur Miller, 1970) het in sy navorsing met behulp van die TAT bepaal dat die behoefte aan pres= tasie die individu motiveer om dinge na die beste van sy vermoë te doen. Hy toon dan aan dat 'n sterk behoefte aan prestasie 'n goeie aanduiding kan verskaf oor toekomstige akademiese prestasie.

c) Persoonlike motivering : meer algemene doelstellings is hier van belang. In dié verband toon Knoell (1966:75) aan dat

> "Students with only very general goals may withdraw after they complete only one or two years of college, unless they are stimulated to pursue knowledge for its own sake or to develop some specific goals...".

Dikwels volg universitêre opleiding vir persone met per= soonlike motivering as vanselfsprekend. Die doel van hul studies is dus nie die voorbereiding vir 'n beroep nie. Dit kan dus verband hou met die tipe student wat univer= siteit toe gaan bloot omdat dit van hulle verwag word, of om weermagopleiding tydelik te vermy of die tipe stu= dent wat universiteitsopleiding bloot in verband bring met sosiale aangeleenthede en jolyt. Dié tipe student se beroepsbelangstellings en doelstellings is nog vaag en dikwels sal hulle vir enige kursus wat aangenaam klink, inskryf. In die geval van dames kan 'n persoonlike moti= vering soos die ontmoeting van 'n geskikte huweliksmaat ook 'n rol speel in die besluit om te gaan studeer.

d) Sosiale motivering : die prestigewaarde wat aan univer= sitêre opleiding geheg word, speel hier 'n rol. Die agter= grondsomstandighede van sommige studente bepaal dat hulle universiteitsopleiding moet ondergaan - die sosiale milieu "verwag" dit van hulle, ongeag of die persoon oor die nodige potensiaal beskik of nie.

'n Verdere vorm van sosiale motivering kan ook geleë wees in die portuurgroep - bloot om deel te bly van 'n bepaalde portuurgroep mag 'n persoon besluit om te gaan studeer.

e) Tradisionele motivering : Borup et al.(1968) sien dit as die student se motivering wat berus op dit wat tradi=sie van hom vereis. So kan 'n seun gemotiveer word om vir 'n predikant te studeer, bloot omdat dit byvoorbeeld tradisie mag wees dat die oudste seun van sy familie 'n predikant word.

In hul studie bevind Borup et al. dan dat beroepsmotivering die belangsrikste tipe motivering by die student is en behoort te wees ten einde akademiese sukses te behaal. Daar behoort egter ook kongruensie te wees tussen 'n student se motivering en akademiese potensiaal. Knoell (1966) toon aan dat studente wat verkeerde keuses in terme van hul akademiese potensiaal maak, kandidate vir uitsakking is, al is hulle baie sterk ge=motiveerd.

Uit die literatuur wil dit dus voorkom of gebrek aan motivering of verkeerde motivering 'n belangrike rol by uitsakking kan speel. Die feit dat dit wil voorkom of beroepsmotivering van die belangrikste motiverings is, bied dan indikasie vir die noodsaaklikheid daarvan by beroepsgerigte studie. Dit wil dus voorkom of 'n student wat spesifieke doelstellings het, geneig is om minder uit te sak as andersins.

### 2.4.9 Akademiese prestasie

Uit die literatuur wil dit voorkom of daar nie algehele kon=sensus bereik kan word oor die rol van vorige akademiese pres=tasie in die voorspelling van sukses nie. Skrywers soos Bligh en Cope et al. toon aan dat daar té veel subjektiwiteit be=trokke is by resultate en dat dit dus nie voorspellingswaarde het nie. Bligh (1978:89), stel dit soos volg :

*"... we still could not assume that performance on one examination should predict performance on another when*

their content is not the same. Furthermore, examiners vary".

Cope et al. (1975:12) toon aan dat

"Little reliance can be placed on performance in high school as a predictor of graduation".

Ander navorsers verskil egter hiervan. Summerskill (soos aangehaal deur Grobler, 1973) toon aan dat in tien van die elf ondersoeke wat deur hom nagegaan is, uitsakkers reeds op skool beduidend swakker presteer het as nie-uitsakkers. Hy bevind verder ook dat 33% van die studente wat uitgesak het, dit om akademiese redes gedoen het. Voorts toon hy ook aan dat swak punte aan die begin van sy universiteitsloopbaan dikwels voorspel dat 'n student sal uitsak.

Du Plessis (1978) haal verskeie studies aan waarin daar wel bevind is dat daar 'n positiewe korrelasie tussen skoolprestasie en universitêre prestasie bestaan. Tog toon hy ook aan dat die leerstof op skool radikaal verskil van dié van die universiteit en dat daar op universiteit ander sosiale en opvoedkundige toestande teenwoordig is as op skool - dit bemoeilik doeltreffende aanpassing en beïnvloed die geldigheid van skoolprestasie as voorspeller van akademiese sukses op universiteit.

Die teenstrydige bevindinge en opinies van die verskillende navorsers bied indikasie dat vorige prestasie nie so 'n belangrike rol speel by uitsakking as huidige prestasie nie. Twee belangrike aspekte in dié verband word deur Worrel uitgelig, naamlik eerstens dat 'n groot aantal uitsakkers voorkom by studente wat onrealistiese hoë aspirasies gekoester het en by wie 'n wanverhouding tussen verwagte en verkreë prestasie voorgekom het (soos aangehaal deur Botha, 1971:55) en tweedens dat alhoewel vorige prestasie nie so 'n belanrike rol speel nie, resente prestasie wél in 'n mate in verband gebring kan word met uitsakking.

Wanneer daar ook gelet word na die patroon van studiestaking gedurende die jaar (vergelyk 2.3.4.5) en die redes vir uitsak=

king (vergelyk 2.5), is dit opvallend dat daar na 'n toets= reeks of eksamen 'n merkbare toename in uitsakking voorgekom het en dat 'n groot aantal studente uitsak, omdat hulle in die voorafgaande eksamen swak gevaar het.

Dit wil dus voorkom dat hoe 'n persoon op skool gevaar het, nie noodwendig gaan bepaal of hy gaan uitsak of nie - resente pres= tasie in die voorafgaande eksamen(s) op universiteit sal uit= sakking in 'n groter mate kan voorspel as skoolprestasie. Dié hipotese word bevestig deur Munger en Beyer (soos aangehaal deur Grobler, 1973).

2.4.10 <u>Geloof as bydraende faktor</u>

In 'n interessante studie wat deur Cope et al.(1975) gedoen is, word die volgende verskynsels uitgewys :

a) Joodse mans sak minder uit as Rooms-Katolieke en Protestante mans;
b) Joodse mans beskik oor meer deursettingsvermoë as Joodse dames, maar Joodse dames beskik weer oor meer deursettingsvermoë as Christen dames.

Soortgelyke tendense is deur Summerskill en Darling (soos aan= gehaal deur Cope et al.,1975) bevind. Hulle toon ook aan dat die Jode (veral Joodse mans) 'n baie hoë premie plaas op op= voeding en dat die uitsakkerspersentasie onder Jode gevolglik baie laag is.

In 'n studie wat by die University of California gedoen is, is deur Rossman en Kirk bevind dat 50% van die uitsakkers ateïsties was, teenoor die 38% van die nie-uitsakkers (Cope et al.,1975).

Dit wil egter voorkom of dit nie 'n spesifieke geloof is wat 'n bepalende rol by uitsakking speel nie, maar dat geloof verbonde is aan deursettingsvermoë, 'n spesifieke lewensstyl en 'n waarde= sisteem. Laasgenoemde faktore kan dan wel 'n bydraende rol by uitsakking speel.

### 2.4.11 Samevatting

Evaluerend kan gesê word dat dit wil voorkom of 'n groot aantal faktore predisponerend kan meewerk tot uitsakking, maar dat alle faktore nie 'n ewe groot rol by alle studente sal speel nie. Dit bemoeilik uiteraard die voorspelling van uitsakking en die identifisering van uitsakkers. 'n Student se omstandighede en milieu kan dus ideaal wees, hy oor voldoende potensiaal beskik, oënskynlik goed aanpas, maar tog steeds uitsak. Of dit 'n probleem is wat oorbrug kan word, bly 'n ope vraag. Algemene tendense kan bepaal word, maar steeds bly voorspelling uiters problematies.

## 2.5 Redes vir uitsakking

### 2.5.1 Inleiding

'n Groot verskeidenheid oorsake en redes vir uitsakking word in die literatuur aangetref. Feldman et al.(1969) toon egter aan dat die redes met versigtigheid geïnterpreteer moet word :

> "Reasons for withdrawal given by students must of course be viewed with some scepticism and caution. It is entirely possible that a certain proportion of students - with or without awareness or intention - distort the causes of their departure" (p.291).

Daar word egter geen aanduiding gegee van hoe die metodologiese probleem oorbrug kan word nie.

Gevolglik behoort ondersoekers in dié verband hul te vereenselwig met die idee dat hul bloot kennis verkry oor redes wat verskaf word, sonder om sonder meer te aanvaar dat dit die werklike rede is.

Redes wat gegee word vir uitsakking, is onder andere die volgende : swak prestasie, finansies, eensaamheid, swak aanpassing, sosiale wanaanpassing, verkeerde kursus en verkeerde universiteit (Feldman,1969). Cope et al.(1975) kon deur hul navorsing van die literatuur die volgende redes identifiseer :

a) persoonlik:- waaronder byvoorbeeld siekte, swanger=skap;
b) finansiëel:- dit kan egter 'n gerieflike verskoning wees, omdat dit sosiaal aanvaarbaar is;
c) akademies :- dit wissel van druiping tot gebrekkige belangstelling.

Iffert se studies (soos aangehaal deur Cope et *al.*,1975: 15 ) wat in 1957 in die V.S.A. gedoen is, het bevind dat die redes vir uitsakking by mans soos volg aangegee is : gebrekkige be=langstelling, militêre verpligtinge, finansies (self), swak punte, finansies (gesin) en dat die studies te moeilik is. By die dames in dieselfde ondersoek is die redes soos volg : huwelik, aanvaarding van 'n voltydse werk, finansies (self), gebrekkige belangstelling, finansies (gesin), swak punte en ook dat die studies te moeilik is.

Behr (1981) se studie met 252 uitsakkers by die Universiteit van Durban-Westville het die volgende redes vir uitsakking aan die lig gebring :

a) Finansiële probleme : 21,03%
b) Toelating tot 'n ander universiteit : 17,06%
c) Veranderde loopbaandoelwitte : 12,70%
d) Volle matrikulasievrystelling nie verwerf nie : 11,51%
e) Siekte : 7,94%
f) Huishoudelike probleme : 6,75%
g) Goeie werksaanbod : 5,56%
h) Vervoerprobleme : 5,16%
i) Onvermoë om vereiste kursusse te voltooi : 4,76%
j) Ontevredenheid met kursusvereiste : 3,17%
k) Verveeldheid met lektore en kursusse : 1,98%
l) Onvermoë om van skool na universiteit aan te pas : 1,59%
m) Ouerlike verwagtings wat in konflik was met die student se behoeftes : 0,79%.

Dit wil dus voorkom of daar 'n groot aantal redes vir die verskyn=sel is, maar verskillende skrywers (Bligh, 1978; Botha, 1971; Cope et *al.*,1975; Pervin et *al.*,1966) wys daarop dat uitsakking dikwels die gevolg is van 'n kombinasie van faktore en oorsake eerder as 'n enkele faktor op sigself.

2.5.2 <u>Redes vir uitsakking by die PU vir CHO</u>

Gouws (1984) het in sy ondersoek vraelyste aan uitsakkers gestuur waarin onder andere aangetoon moes word waarom die student sy studies gestaak het.

By sy ondersoekgroep (eerstejaaruitsakkers van 1980) vind hy die volgende redes :

22,7% het uitgesak as gevolg van die feit dat hulle in die verkeerde kursus studeer het;

20,6% het uitgesak as gevolg van swak punte;

18,2% het nie universiteitstoelating (dus volle matriku=lasievrystelling) gekry nie en moes gevolglik hul studies staak;

15,9% het as gevolg van gesondheidsredes gestaak;

11,3% toon aan dat hulle studies gestaak het as gevolg van gebrekkige belangstelling;


9% het uitgesak as gevolg van koshuisprobleme

en

2,3% het finansies as rede aangevoer vir hul uitsakking.

Die huidige ondersoeker het vervolgens die redes van die uitsakkers vir 1981 en 1982 nagegaan deur die kursuskansel=lasievorms van die PU vir CHO te bestudeer.*

HISTOGRAM 1: Redes vir staking van eerstejaarstudente gedurende die 1981 akademiese jaar.





Die resultate van die huidige ondersoeker stem dus in 'n mate ooreen met die van Gouws (1984). Opvallend is dat by beide dié ondersoeke verkeerde kursus as die belangrikste rede aangevoer word. Interessant egter is dat wanaanpassing in die koshuis by Gouws se ondersoek nie so 'n belangrike rede was nie.

By die 1981-uitsakkersgroep was daar ook 'n aansienlike prestasie minder studente wat nie-universiteitstoelating as rede aangevoer het.

Die redes wat studente in 1982 aangevoer het, verskil egter in 'n groot mate van die 1980- en 1981-resultate.

HISTOGRAM 2: Redes vir staking van eerstejaarstudente gedurende die 1982 akademiese jaar.



By die 1982-resultate is dit opvallend dat swak punte die vernaamste rede was vir uitsakking, en dat probleme in die koshuis en gebrekkige belangstelling wat in 1980 en 1981 as belangrike oorsake gesien is, in 1982 hogenaamd geen rol speel nie.

### 2.5.3 Samevatting

Dit blyk dat daar 'n legio redes vir uitsakking bestaan. Enkele deurlopende tendense kan egter daargestel word.

Ten opsigte van die bepaling van die redes by die PU vir CHO het die huidige navorser egter bepaalde probleme geïden= tifiseer :

a) Die kursuskansellasievorms is hoegenaamd nie voldoende vir navorsingsdoeleindes nie - 'n gestruktureerde vrae= lys behoort daargestel te word indien die probleem van uitsakking verder ondersoek wil word.

b) Die vraag het by die huidige navorser opgekom in hoe 'n mate die werklike redes vir uitsakking aangetoon word, of word sosiaal-aanvaarbare redes soos verkeerde kursus, gebrekkige belangstelling, ensovoorts, aangedui as redes.

Genoemde twee probleemareas verdien dus verdere aandag.

In beide die navorsings van Gouws (1984) en dié van die hui= dige ondersoeker, word emosionele probleme nie pertinent as oorsaak vir uitsakking gestel nie, omdat emosionele probleme die gevolg kan wees van koshuisprobleme, swak punte en/of gesondheid. Dit kom ook selde voor dat 'n student emosionele probleme as oorsaak aangee : oor die algemeen word 'n meer "aanvaarbare" of dikwels vae rede verskaf.

Dit is ook opmerklik dat finansies in toenemende mate 'n rol begin speel in die redes vir uitsakking. Wanneer daar gelet word na die sporadiese verhoging in klas- en koshuisgelde, is dit dan ook nie verbasend nie.

Dit blyk uit Behr (1981) se ondersoek (vergelyk 2.5.1) dat dit by die Universiteit van Durban-Westville die vernaamste oorsaak is. Gouws (1984) en die huidige navorser se resul= tate van die primêre redes vir uitsakking korreleer dus redelik goed met wat deur ander navorsers bevind is.

Gesien in die lig van die feit dat soveel studente uitsak weens die probleem dat hulle die verkeerde kursus gevolg het, is dit soveel belangriker dat voorligting by die eerstejaarstudent 'n groter en meer prominente rol moet speel.

In die begin van 1983 is die Studentevoorligtingsdiens by die PU vir CHO ingestel en voorligting by eerstejaarstudente verdien tans meer aandag as voorheen. Dit behoort dus interes= sant te wees om te bepaal of verkeerde kursus as oorsaak vir uitsakking minder voorkom met die instelling van 'n verbeterde voorligtingsdiens aan studente al dan nie.